



## Is jy gereed vir die eindtyd?

Dr. Gerrie de Haas

[gerrie@gedaministries.co.za](mailto:gerrie@gedaministries.co.za)

### ***Mattheus 24:3***

En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?

# **Inhoud**

1. Die wederkoms van Jesus Christus.
2. Die diensknegte en die tien maagde.
3. Wat gaan in die laaste dae gebeur?
4. Die dae van Noag en van Lot.
5. Die keuse tussen lig en duisternis.
6. Die komende herlewing.

## **DIE WEDERKOMS VAN JESUS CHRISTUS**

Dis so belangrik om te weet dat ons as Christene in afwagting moet wees vir die wederkoms van Jesus Christus.

Net so belangrik is die feit dat ons nie moet wag vir die verskyning van die Anti-chris nie.

Ondanks die feit dat die Bybel waarsku dat daar alreeds baie anti- christe was, weet ons dat in hierdie laaste dae daar nog baie van hulle hul opwagting gaan maak.

Die Bybel sê baie duidelik dat daar 'n spesifieke persoon in dié tyd sy verskyning gaan maak. Hy gaan spesifiek genoem word 'die Anti-chris' en gaan 'n groot rol in die eindtye speel.

Vir die Christen moet sy verskyning nie die maatstaf wees nie – die verwagting dat ek en jy gereed moet wees as Jesus Christus weer terugkeer, moet ons dryfveer wees.

Daar word wêreldwyd oor hierdie Anti-chris bespiegel: Sy naam, sy nommer, die metodes wat hy gaan gebruik en sy seël op sy navolgers se voorkoppe en hande. Dis amper of die kerk met 'n advertensie-veldtog vir hom besig is.

Genoeg van hom.

Paulus skryf aan die gelowiges en dissipels in Thessalonika:

**1 Thessalonicense 1:9-10;**

'Want hulle vertel self aangaande ons watter ingang ons by julle gehad het en hoe julle jul van die afgode bekeer het tot God, om die lewende en waaragtige God te dien en sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos'.

As Christene wag ons vir die wederkoms van die Seun van God.

Dié wat Hom verwag het die waarborg dat Hy ons sal verlos van die komende toorn op aarde.

Dit is van die groot verdrukking wat kom.

Hoe Hy ons gaan verlos is onbekend, maar dit verander nie die waarborg wat Hy vir ons gee dat Hy dit gaan doen nie.

**Hebreërs 9:27-28;**

'En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna

die oordeel, so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid'.

Wanneer Jesus terugkeer, kom Hy met saligheid vir dié wat Hom verwag. Dié wat dan nie gereed is nie, sal dan Sy oordeel smaak.

Dis so belangrik dat ons 'n lewenswyse vir die eindtyd moet kweek, sodat ons nie maklik deur die wêreld daarvan beroof word nie.

'n Heilige lewe:

Dit moet daagliks ons motivering wees. Dit word so aan ons aanbeveel in die Bybel.

### **1 Johannes 3:2-3;**

'Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is'.

Die standaard vir reinheid is 'n hoë standaard. Ons moet heilig wees net soos wat Hy heilig is. Daar is niks wat 'n mens so motiveer om heilig te wees, soos die hoop om Jesus eendag te sien nie.

Daar is twee belangrike aspekte van die wederkoms van Jesus Christus.

### **Deuteronomium 29:29;**

'Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet'.

God het sekere geheime wat Hy nie wil hê ons moet weet nie.

Dit behoort aan Hom en Hy wil dit so hê.

Daar is egter waarhede wat Hy alreeds openbaar het, en hulle behoort aan ons.

Ons moet werklik ons nuuskurigheid oor die verborge dinge laat staan. Om daarin te delf gaan net frustrasie en teleurstelling en misleiding bring.

Kom ons kyk na twee voorbeelde in die Bybel, profetiese woorde, wat hierdie stelling verduidelik:

Die eerste is iets wat God aan ons openbaar het: Woorde wat engele gespreek het op die Olyfberg

### **Handelinge 1:9-11;**

'En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.

En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê:

Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel?

Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het'.

Hierdie is 'n geopenbaarde waarheid.

Dis iets wat ons almal moet weet en wat elkeen van ons se lewe moet beïnvloed.

Die volgende is 'n geheim. Dis iets wat God nie openbaar en iets wat hy nie wil hê ons moet nou weet nie.

Hierdie is woorde wat Jesus self gesê het:

### **Markus 13:32;**

'Maar van daardie dag en dié uur van die wederkoms, weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader'.

Hierdie oomblik bly nog altyd God se geheim. Selfs Jesus Christus weet self nie. Hy weet net dat God Hom skielik sal roep en sê:

'My Seun, die tyd het gekom, gaan nou!'

Jesus gaan voort en sê die volgende vir Sy dissiples:

### **Markus 13:33-37;**

'Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie. Dit is soos 'n man wat op reis is, wat sy huis agtergelaat en sy diensknegte volmag gegee het, en vir elkeen sy werk, en aan die deurwagter bevel gegee het om te waak.

Waak dan, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie: in die aand of middernag of met die haangekraai of vroeg in die môre nie; dat hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie. En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!'

Die man wat op reis gaan het aan elkeen van sy diensknegte 'n taak gegee. Die deurwagter se opdrag was om dop te hou wanneer die man sal terugkeer.

Hierdie is waar vir al die Christene op aarde. Ons moet ons self besig hou met ons take, totdat Jesus terugkeer.

Ek glo dis so belangrik dat elkeen van ons spesifiek moet weet wat die taak is wat hom opgelê is. Daarop moet ons konsentreer dat die dag van afrekening nie kom en ons is met ander dinge besig nie.

### **Die verhaal van die talente.**

#### **Mattheus 25: 14-30;**

'Want dit is soos 'n man wat op reis wou gaan en sy diensknegte roep en aan hulle sy besittings toevertrou.

En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë; en hy het dadelik op reis gegaan.

En die een wat die vyf talente ontvang het, het daarmee gaan werk en vyf ander talente gewin.

Net so het die een wat die twee ontvang het, self ook twee ander verdien. Maar hy wat die een ontvang het, het in die grond gaan graawe en die geld van sy heer weggesteek.

En ná `n lang tyd het die heer van daardie diensknegte gekom en met hulle afgereken. En die een wat die vyf talente ontvang het, kom en bring vyf ander talente en sê: Meneer, vyf talente het u aan my toevertrou; hier het ek vyf ander talente daarby verdien.

En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.

En die een wat die twee talente ontvang het, kom ook en sê: Meneer, twee talente het u aan my toevertrou; hier het ek twee ander talente daarby verdien. Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel.

Gaan in in die vreugde van jou heer.

En die een wat die een talent ontvang het, kom ook en sê: Meneer, ek het u geken, dat u `n harde man is wat maai waar u nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar u nie uitgestrooi het nie; omdat ek bang was, het ek gegaan en u talent in die grond weggesteek. Hier het u wat aan u behoort.

Maar sy heer antwoord en sê vir hom: Jou slegte en luie dienskneg, jy het geweet dat ek maai waar ek nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar ek nie uitgestrooi het nie.

Daarom moes jy my geld by die wisselaars gestort het, en ek sou by my koms wat aan my behoort, met rente ontvang het.

Neem dan die talent van hom weg en gee dit aan die een wat die tien talente het; want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorfloed hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het.

En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande'.

Die twee diensknegte wat gewoeker het, het albei 100% wins getoon.

Die een wat vyf meer verdien het en die een wat twee meer verdien het, het presies dieselfde woorde van aanprysing ontvang: 'Gaan in in die vreugde van jou heer'.

Die heer het nie die een met die vyf meer eer gegee as die een wat twee gebring het nie.

By die Here is oorwinning vir almal dieselfde. Ons sien weer dat getrouheid baie belangriker is vir die Here as sukses.

Weer sien ons ook dat dit wat jy hier op aarde behaal, bepaal jou posisie in die hemele later.

Wat van die derde dienskneg?

Die eerste ding wat hy verkeerd doen, is om uit vrees op te tree.

Dit was nog altyd die verkeerde motief om die Here te probeer dien.

Liefde moet ons motief wees.



Jesus sê vir ons: **Johannes 14:23**;

'Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar'.

Die volgende les is net so belangrik vir Christene.

Die woorde van die heer is: 'Jou slegte en luie dienskneg'.

In die kerk is daar so baie godsdienstige reëls wat onrealisties is.

Baie kerke is baie teen dronkenskap, en reg so, maar, hulle verdra luiheid, en niemand sê iets daarvoor nie.

Die luiheid begin soms heel bo by die leier al. Ons moet beseef dat God se oordeel van luiheid is baie erger as die sonde van dronkenskap.

Daar is net te veel mense in die kerk, wat te min vir God doen.

Hulle is te lui om Bybel te lees, te lui om te bid en te stadig om in beweging te kom vir God.

Rustig maar net in die kerkbanke en doen niemand skade nie.

Ons sien hulle nie as sleg en lui nie, maar God sien dit so.

In hierdie deel veroordeel Hy die dienskneg daarvoor.

Psigologies is dit die een-talent persoon wat dit nie maak nie.

Die een met die vyf talente is so opgewonde daarvoor.

Hy weet hy gaan iets doen daarmee.

En presies dieselfde met die een wat twee talente ontvang het.

Maar die een wat net een ontvang, oortuig homself dat daar nie veel is wat hy kan doen nie. Dis 'n baie gevaarlike siening!

Gebruik dit of verloor dit.

Om nie jou talente te gebruik nie, staan jy altyd 'n kans om alles te verloor. God gee aan ons talente sonder voorwaardes. Hy vra dit ook nooit weer terug nie. Maar, as ons dit nie gebruik nie, sal ons hulle verloor.

Soms gee God aan ons vermoëns wat ons begin gebruik.

Hy gee aan jou bv. die vermoë om vir siek mense te bid. Later kom daar mense wat jou veroordeel en bevraagteken en jy wonder: Moet ek aangaan of moet ek liever stop.

Weet jy wat God vir jou sal sê: 'Ek het vir jou 'n gawe gegee. Daar is nou twee dinge wat jy kan doen: Jy kan dit gebruik en meer ontvang, óf jy kan kies om dit nie meer te doen nie en dan alles te verloor'.

Kies dan nou verstandig!

Elkeen van ons het 'n gawe van God gekry. As ons dit nie gebruik nie, staan ons 'n kans om dit te verloor. Ek is vas oortuig dat indien jy dit gebruik en God sien Hy kan jou vertrou, Hy die sluis van die hemel vir jou gaan oopmaak.

In ons gelese deel besef ons één ding:

Die verwerping deur God van die ongehoorsame dienskneg was finaal.

Hy is uitgewerp in die duisternis en daar sal 'n geween en gekners van tande wees.

## **DIE DIENSKNEGTE EN DIE TIEN MAAGDE:**

Ons kyk hier na verskillende groepe van mense en hoe die terugkeer van Jesus Christus hulle gaan beïnvloed.

Die eerste groep gaan oor hulle wat deur die Here aangestel is om oor sy huishouding te heers. Hulle is spesiaal aangestel oor

die behoeftes van Sy huis, spesifiek om hulle voedsel te gee op tyd.

## **DIE TWEE DIENSKNEGTE:**

### **Mattheus 24:45-51;**

Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee? Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind.

Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel.

Maar as daardie slegte dienskneg in sy hart sê: My heer talm om te kom — en hy sy medediensknegte begin slaan en saam met die dronkaards begin eet en drink, dan sal die heer van dié dienskneg kom op `n dag dat hy dit nie verwag nie en op `n uur dat hy dit nie weet nie; en sal hom pynig en hom `n deelgenoot van die geveinsdes maak. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

Wie dan is hierdie dienskneg/heerser? Ons sien `n beter beskrywing van hierdie groep mense deur Petrus.

Petrus praat hier uit die amp van die apostel, want dit is wat hy was. As hy egter by die lokale gemeente was, was hy daar in die amp van `n ouderling.

### **1 Petrus 5:1-4;**

Ek vermaan die ouderlinge onder julle, ek wat `n mede-ouderling en getuie van die lyde van Christus is, wat ook `n deelgenoot is van die heerlikheid wat geopenbaar sal word: Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde.

En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlijkheid ontvang.

Die Woord praat hier duidelik van hulle wat die Here aangestel het oor sy kudde as opsigters. Hulle is die predikante, pastore, herders, apostels en die ouderlinge van die gemeente.

Ons moet mooi let dat hulle nie net oor die kudde is nie, maar ook deel van die kudde is. Dit geld ook vir die hele vyf-voudige bediening.

Wanneer Petrus praat van die 'herders van die kudde', praat hy nie van mense wat hulle self sien op 'n ander vlak as die kudde nie, hy praat van mense wat bly tussen God se mense, al het hulle 'n spesiale verantwoordelikheid oor hulle.

Elkeen van die ampsdraers hier moet baie bewus wees van hoe hulle hul verantwoordelikhede hanteer, want een dag gaan hulle verseker rekenskap daarvoor moet gee.

Jesus begin hierdie stuk met 'n vraag: 'Wie is dan die getroue dienskneg wat die heer oor sy diensvolk aangestel het?'

Die eerste vereiste van so 'n dienskneg is nie sukses nie, maar getrouheid.

Daar is bv. sendelinge wat hulle hele lewe gegee het vir die bediening in ver plekke. Hulle was in alles getrou, maar aan die einde kon hulle nie veel vrug op hulle arbeid wys nie.

God eer hulle, want as hulle nie eers gekom het nie, sou ons nie later sukses kon behaal het nie. God kyk nie na sukses met

wêreldse oë nie, Hy kyk na jou getrouheid. Sukses in God se oë is om die taak wat Hy jou gee, getrou uit te voer.

Wat is die taak wat God aan hierdie diensknegte gee?

'Om my diensvolk – die gemeente – hul voedsel op tyd te gee'.

Dis 'n pastorale taak, 'n herder se taak. 'n Ware herder weet presies wat sy kudde nodig het.

Wat is die beloning as jy dit goed gedoen het? 'Gelukkig is so 'n dienskneg. Die heer sal hom oor al sy besittings aanstel'.

Getrouheid in hierdie lewe sal lei tot promosie in die volgende lewe. Die manier hoe ons in hierdie lewe ons godgegewe take afhandel, sal bepaal waar ek die ewigheid sal deurbring.

Daar is geen plaasvervanger vir getrouheid nie.

Nou kom ons by die deel wat sê: 'Maar..'

Dis die anderkant van die prentjie.

'Maar as daardie slegte dienskneg in sy hart sê: My heer talm om te kom — en hy sy medediensknegte begin slaan en saam met die dronkaards begin eet en drink,'

In die oordeel van God is daar net twee kante: Goed óf sleg.

Daar is niks tussen hulle nie. Die kerk het oor jare 'n derde kant hier probeer inbring: Nie goed nie, maar ook nie sleg nie.

In God bestaan dit nie. As jy nie goed is nie, is jy sleg!

'n Groot gedeelte van mense in kerke is 'draadsitters'. Hulle is nie regtig betrokke nie maar wil ook nie gesien word as ongelowiges nie.

Wanneer die Heilige Gees toegelaat word om in 'n kerk in te kom, is dit die eerste ding wat hy doen, hy elektrifiseer die draad!

Dis waarom Heilige Gees nie welkom is in sekere kerke nie.

Die mense voel baie gelukkig en onbedreig daar op die draad.

Wat is die belangrikste ding wat die slegte dienskneg sê: 'My heer talm om te kom'. Hy het verseker visie verloor van die werklikheid dat sy heer een of ander tyd sal terugkom. In kerke waar die koms van Jesus Christus sy dringendheid verloor het, sal die vlak van heiligheid nooit so hoog wees as in kerke waar daar 'n verwagting is nie. Dis wat ons moet nastreef: Reinheid van hart en heiligheid.

Wat sê die slegte dienskneg? 'My heer is nou al lank weg en ek het nog nie weer van hom gehoor nie. Ek kan maar net sowel die dinge bietjie begin roer!' Hy begin dominerend raak en beheer almal om hom met emosie en manipulasie.

Wat sê God hiervan?

'Predikant / herder: As ek nie in beheer van hierdie kudde is nie, kan jy maar aangaan met jou godsdienstigheid. Jy kan maar aangaan met woorde en titels, maar niks sal gebeur nie. As My Heilige Gees nie in beheer is nie, gaan daar niks gebeur nie'.

Ongelukkig begin die slegte dienskneg nou ook drink. Nie net drink nie, maar saam die verkeerde vriende – die dronkaards!

Wat gebeur nou op die einde?

'Dan sal die heer van dié dienskneg kom op 'n dag dat hy dit nie verwag nie en op 'n uur dat hy dit nie weet nie; en sal hom pynig en hom 'n deelgenoot van die geveinsdes maak.

Daar sal geween wees en gekners van die tande'.

Toe die heer skielik opdaag, is die dienskneg nie gereed nie.

Die heer is natuurlik Jesus Christus. Wat doen Hy?

Hy laat hom pynig en verwyder hom vir ewig.

Jesus gebruik die vers: 'Daar sal 'n geweene en geknere van tande wees', vyf keer in die Bybel. Dit gaan elke keer oor 'n spesifieke groep mense. Dis mense wat alles van Hom weet, hulle wat die waarheid ken, hulle wat eintlik hul hele lewe naby Hom was, maar nooit werklik betrokke was nie.

Die geknere en die geweene kom wanneer hulle skielik besef dat hulle altyd so naby was, maar nooit 'n keuse gemaak het nie. Die besef dat hul vir ewig uitgesluit is, is vir hierdie groep mense verskriklik!

### **DIE TIEN MAAGDE:**

Ons lees hier van die tien maagde.

Tien is die vereiste getal van persone om 'n gemeente te kan vorm. In Judaïsme is dit 'n vereiste dat ten minste tien persone teenwoordig moet wees voordat daar enige publieke gebede gedoen kan word.

Ons sien in hierdie gedeelte dat 'Die Tien Maagde' die gemeente of die kerkgangers verteenwoordig.

### **Mattheus 25:1-13;**

Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet.

En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas.

En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie. Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem.

En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak

geword en aan die slaap geraak.

En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!

Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed.

En die wat dwaas was, sê aan die verstandiges: Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit.

Maar die verstandiges antwoord en sê: Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie. Maar gaan liever na die verkopers en koop vir julleself.

En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit.

Later kom toe die ander maagde ook en sê: Meneer, meneer, maak vir ons oop!

Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie.

Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie.

Hier is drie punte oor die tien maagde wat met elkeen gebeur het:

\* Hulle almal verwag die bruidegom. Hulle weet hy kom en hulle is almal nie ongelowig nie.

\* Hulle het almal lampe en olie. Olie hier is 'n tipe van die Heilige Gees, en daarom het almal 'n mate van die Heilige Gees in hul lewens.

\* Almal het vaak geword en aan die slaap geraak.



Die belangrikste van hierdie gedeelte is die hoeveelheid olie wat elkeen het.

Die verstandiges het genoeg olie gehad en nog om te spaar.

Die maagde wat dwaas was, het nie genoeg olie gehad nie.

Let weer daarop: Daar is net twee groepe: Die verstandiges en die dwase – geen middelgroep nie.

Paulus sê vir ons in **Efesiërs 5:18**;

‘Word met die Gees vervul’. Hier beteken dit om vervul te word en om aanhoudend hervul te word.

Moet nie sê: ‘Ek is tien jaar gelede met die Gees vervul en het in tale gepraat nie’. Wat het nou intussen gebeur?

Al tien hierdie maagde het die oorspronklike vervulling met die Gees gehad, maar omdat hulle nie die aanhoudende hervulling gehad het nie, was almal nie gereed nie.

Die verstandiges sê toe: ‘Gaan na die verkopers en koop vir julleself daar olie.’

Dit moes nou gekoop word, dis nie meer ‘n geskenk nie. Oorspronklik is die geskenk van die Heilige Gees verniet, maar om voortdurend vervul te wees, kos ‘n prys.

Die maagde wat dwaas was het gaan olie koop, maar toe hulle terugkom was dit te laat. Die rede? ‘Ek ken julle nie!’

Hoe koop ons olie? Deur gebed, Bybel te lees en op God te wag. Dit neem tyd en dit vat ‘n groot poging. Dit gebeur nie net nie.

Hier moet ons nou ‘n besluit neem.

Het jy genoeg olie?

# **WAT GAAN IN DIE LAASTE DAE GEBEUR?**

Jesus Christus vertel aan Sy dissipels wat aan die einde gaan gebeur. Ons noem dit die 'Profetiese Rede' soos opgeteken in die boek van Mattheus. Jesus gee aan die dissipels die volgorde van gebeure en gebruik kort-kort die woorde: 'en dan..'

## ***Mattheus 24:6-8;***

'En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte'.

Die woord 'smarte' word in Grieks hier vertaal as 'Geboorte pyne'.

As die bogenoemde dinge gebeur moet ons weet dat die 'geboorte pyne' begin het.

Ons almal weet wat volg op geboortepyne. So baie van ons het al daar deurgegaan. Na die geboortepyne kom die volgende insident: die geboorte. Dis presies wat Jesus vir ons hier kom vertel.

Die geboortepyne moet eers kom, dan volg die geboorte van God se koninkryk op aarde daarna.

Ons is almal bewus daarvan dat hoe nader die geboorte kom, hoe meer intens word die pyne.

Jesus kom sê vir ons dat as die geboortepyne begin in die geskiedenis van die mens, dit meer gereeld en meer intens gaan word.

Dan is daar geen manier om hierdie proses te stop nie – die geboorte gaan volg.

Die een manier waarop jy jouself kan toets aangaande dié profesie is:

Wil jy die geboortepyne stop, of wil jy die baba hê?

Die geboorte gaan die tydperk inlei van die eindtyd-kerk en die voorbereiding van Christene om die bruid van Jesus te word. Daardie bruid sal sonder vlek of rimpel voor Hom moet gaan staan.

Dus: As jy deel wil wees van dit wat kom, moet ons die geboortepyne laat aangaan - al gaan dit regtig pynlik wees.

Die keuse in werklikheid is of ons werklik deel wil wees van God se koninkryk op aarde.

Daar is vyf dinge wat Jesus hier noem wat deel gaan wees van die 'tydperk van smarte':

1. Oorloë, hongersnode, aardbewings en pessiëktes.
2. Wêreldwye vervolging van Christene.
3. Christene sal mekaar haat en verraai.
4. Vals profete.
5. Liefde wat afkoel.

## **1. OORLOË EN NATUURRAMPE:**

Behalwe die oorloë wêreldwyd is daar drie groot aanvalle op die menslike ras:

**Mattheus 24:7-8** noem hulle:

Hongersnode, pessiëktes en aardbewings.

Saam wys hulle op die begin van die geboortepyne van hierdie tyd.

Die oorloë gaan spesifiek oor nasies wees en nie net oor lande nie.

Vandag is ons die getuies van hongersnood in die wêreld. Tussen tien en twaalf miljoen mense sterf jaarliks van die honger.

Waar daar hongersnood is, is daar altyd pessiëktes.

Die statistieke toon 'n geweldige styging in die frekwensie en die intensiteit van aardbewings elke jaar.

## **2. WÊRELDWYE VERVOLGING VAN CHRISTENE:**

### ***Mattheus 24:9;***

'**Dan** sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam'.

Let op die woord 'dan'.

Daar is 'n sistematiese opeenvolging van die een ding op die ander.

Hierdie is 'n deeglik beplande situasie wat gaan gebeur.

Omdat ons in die tydperk van die geboortepyne is, sal die volgende gebeur: Wêreldwye vervolging van Christene.

Die woordjie '**jul**' in hierdie sin is nie korrek nie – dis moet eintlik 'ons' wees. Lees dit in die eerste persoon. Dan sal hulle **ons** oorgee.

Ons moet nie hier dink dat sommiges van ons nie in hierdie tydperk doodgemaak gaan word nie.

Ons is in 'n herlewings tans, en dis die tyd waarin ons eers sal agterkom hoeveel die wêreld ons regtig haat.

## **3. CHRISTENE GAAN MEKAAR HAAT EN VERRAAI:**

### ***Mattheus 24:10;***

'**En dan** sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat'.

Die '**baie**' hier is ander Christene. Die feit dui op Christene wat hier tot struikeling kom en dan hulle geloof verloor.

Waarom sal Christene mekaar verraai? Om daardeur hulle eie lewens te probeer red.

Dit gebeur al geruime tyd in China, Rusland en ook in al die lande waar Moslems in beheer is. Dit neem toe in intensiteit. Almal weet dat in hierdie dae daar groot opstand van Islam se kant af sal kom.

So, progressief onder vervolging, sal Christene hul geloof los en ander Christene begin verraai. Daar sal haat opbou tussen Christene wat hul geloof behou en dié wat afvallig raak.

#### **4. VALS PROFETE SAL OPSTAAN:**

##### ***Mattheus 24:11;***

'En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei'.

Alle kultusse is die produkte van vals profete. Daar was alreeds soveel van hulle in die verlede en ons gaan net meer nou sien. Die tragedie is dat daar net soveel vals profete binne die kerk is as buite.

Almal het al gehoor hoe profete die eindtyd beskryf en datums daarvoor gee.

Onthou: As iemand iets vals voorspel, is hy 'n vals profeet.

Tydens die wet van Moses sou hy of sy net daar doodgemaak gewees het.

As dit nog so was, sou daar dalk minder vals profete vandag gewees het!

#### **5. LIEFDE WAT AFKOEL:**

***Mattheus 24:12;*** 'En omdat die ongeregtheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel'

Die woord 'die meeste' dui ook hier op Christene.

Net omdat ongeregtheid toegelaat word, sal die liefde verkoel.

Ongeregtigheid lei altyd na liefdeloosheid.  
Om net te doen wat jy wil, is nie Jesus se beskrywing van liefde nie.  
God beskryf liefde as dissipline en selfbeheersing.  
Ware liefde is nie selfsugtig , agressief en soek nie sy eie belang nie.  
Slegs dissipline sal weer ware liefde in Christene bou.

Hierdie vyf dinge is die begin van die geboortepyne in mense.  
Dis verseker nie almal wat gaan toegee aan vrees en vervolging en liefdeloosheid nie.  
Wat beloof Jesus self aan ons?

***Mattheus 24:13;***

'Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word'.

Dit was die eerste gedeelte waaroor Jesus gepraat het. Hier sien ons dat Hy in meervoude praat – van verskillende dinge wat kom.

Hy gaan dan verder en sê wat die één enkele ding is wat nog moet gebeur voor die einde kom:

***Mattheus 24:14;***

'En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom'.

Wanneer sal die einde kom?

Wanneer die evangelie aan die hele wêreld verkondig is.

Dis baie belangrik om te let daarop dat die hele geskiedenis se einde nie afhang die politiek of militêre heersers of wetenskaplikes nie, maar van die kerk!

Die kerk is die enigste groep mense wat die laaste ding moet doen voordat die einde kom.

Ek is so bly dat die einde van ons gaan afhang, en nie van die wêreld nie. Die prediking wat Jesus gedoen het en sy dissipels na Hom, is die evangelie wat ek en jy vandag weer moet begin preek. Jesus self sê: 'Gaan sê vir hulle My Koninkryk het naby aan julle gekom'.

Hoe lyk hierdie mense wat ons moet gaan bereik?

Johannes sien hulle in **Openbaring 7:9-10**;

'Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!'

Hierdie groot menigte wat gered gaan word kom uit elke nasie, groep en taal.

Ons moet weet dat voordat die einde gaan kom, daar uit elke nasie en taal mense sal wees wat gered gaan word.

Het Jesus tog nie gesterf en betaal dat **elkeen** gered kan word nie!

Hy sal nie terugkom voordat elke so een nie 'n kans gekry het om gered te kan word nie.

Hierdie is vandag ons verantwoordelikheid.

Ons moet vandag weer die vraag vra: Waarvoor lewe ons?

Is dit vir 'n gemaklike lewe, of vir wat ons uit die lewe kan uitkry, 'n hoër salaris, 'n groter huis?

Of is dit vir die ander doel?

Dié doel dat almal op aarde gered moet word.

Ek is oortuig dat daar dalk één dag vir ons gevra gaan word:  
'Wat was jou bydrae hierin?'  
Ons kan verseker elkeen op ons eie manier hieraan werk.

***Mattheus 9:37-38;***

'Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die  
arbeiders min.  
Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag  
uitstuur'.

As jy nie kan gee of kan gaan oes nie, kan jy verseker bid.

Wat gaan elkeen van ons hieraan doen?

Verhaal van die man by die Poorte van die Hemel:

## **DIE DAE VAN NOAG EN VAN LOT:**

Die Bybel beskryf aan ons presies hoe die wêreld sal wees as  
die eindtye daar is. Daar word oor spesifieke insidente gepraat  
en ons sien 'n defnitiewe periode in menslike geskiedenis.

Jesus self sê ons moet kennis neem as hierdie tye kom. Hy  
beskryf twee defnitiewe gemeenskappe wat sal heers op aarde  
voor Sy terugkeer. Hy sê dat die wêreld sal weer presies  
dieselfde wees as in die tye van Noag en in die tye van Lot.  
Nou hoe het die sosiale lewe gelyk tydens hierdie twee  
periodes?

## **DIE DAE VAN NOAG:**

Kom ons let op Jesus se woorde aangaande hierdie tydperk:

***Mattheus 24:37-39;***

'En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die  
Seun van die mens wees.

Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle  
geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot



op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees’.

En ook in **Lukas 17:26;**

‘En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens’:

Maar hoe het dit gelyk in daardie dae?

Daar is ‘n beskrywing van hierdie dae in **Genesis 6:5-6;**

‘Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart’.

Die klem lê hierin dat die mense van daardie tyd ‘n verandering in hulle binneste gehad het: Hulle gedagtes en hulle intensies was boos.

Jy kan dit opsom deur te sê hulle harte het korrup geraak. Alles is daardeur beïnvloed: Die onreinheid en onheiligheid het hulle manier van lewe en hulle spraak totaal oorgeneem.

Verder in **Genesis 6:11;**

‘Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld’.

Geweld het toegeneem en misdaad was op sy hoogste. Mense het so gewelddadig geword dat dit deel van hulle lewe was en dit is so aanvaar.

Ek reken dat die gewelddadigheid – en spesifiek die feit dat dit buite beheer was, is een van die grootste ooreenkomste van daardie tyd en nou. Ek is oud genoeg om jou te kan vertel dat ons vroeër vry kon rondbeweeg en stap en draf, sonder enige bedreiging.

Maar vandag het dit grootliks verander.  
Jy voel te onveilig vandag om jou neus by die deur uit te steek.

Ons moet hier saamstem dat in die afgelope paar jare ons veiligheid wêreldwyd, so te sê verdwyn het.  
Die hele aarde is gevul met gewelddadigheid.

Die volgende vers gee aan ons nog 'n aspek van die dae van Noag. **Genesis 6:12;**

'Toe sien God die aarde aan, en—dit was verdorwe, want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe'.

Die woord verdorwe hier word in Grieks vertaal vetaal met die woord 'korrupsie'. Hierdie woord som eintlik op wat tans op aarde gebeur.

Net soos in die tye van Noag is daar korrupsie op elke vlak.  
Die hele seksuele aspek is korrup. Verhoudings het verlore gegaan en is deur onnatuurlike seksuele dade vandag vervang.  
Die slegte daarvan is dat selfs die kerk dit nou aanvaar as normaal.

In my jonger dae op skool, was dinge wat tans gebeur, nog nie eers deur ons in fliëks gesien nie. Die 'cowboys and crooks' het mekaar doodgeskiet, nie met mekaar probeer vry nie!

Wat is die tragedie vandag: Hierdie abnormale seksuele perverse optredes gebeur tans in die kerk, en word deur die kerk aanvaar! Die webblaaië wat al hierdie aaklige goed publiseer word nie net deur die ongereddes besoek nie.  
Allermens.

Wat dan is die vier dinge wat in Noag se tyd gebeur het, wat ooreen-stem met wat vandag wêreldwyd gebeur:

1. Daar was 'n kultuur met intense druk vanuit die okkulte realm.

Daar was selfs engele wat afgekom het aarde toe om met mense verhoudinge te hê. Of jy dit weet of nie, dit het gebeur.

2. Die tydperk is geken aan korrupte gedagtes in die gedagtewêreld.

3. Daar was erge gewelddadigheid met misdade van geweld wat algaande net toegeneem het.

4. Daar was wye seksuele korrupsie en perversie.

Die hele wêreld lyk tans weer so. Ons sien so 'n groot aanslag deur die okkulte. Die voorvadersgees-aanbidding is in ons land wettig en verwoes gemeenskappe en groepe totaal.

Ons hele land word beheer deur leiers wat skaamteloos steel, verwoes en doodmaak.

Onheilge dae en vloekwoorde word vandag algemeen deur elke kunstenaar en publieke persoon gebruik. Saam met dit gaan die onrein dinge wat orals in die media vertoon word. Verby is die dae toe daar 'n sensorraad was wat dinge beheer het.

Is ons almal slagoffers van geweld en 'n houding van 'ek kan doen wat ek wil'?

## **DIE DAE VAN LOT:**

Jesus Christus vergelyk nie die dae voor Sy koms net met die dae van Noag nie, maar ook met die dae van Lot.

### ***Lukas 17:20, 26 en 28-30;***

20 'En toe Hy deur die Fariseërs gevra is wanneer die koninkryk van God sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie'.

26 En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens:

28 Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou.

Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig. Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word'.

Ons sal moet kyk na wat oorspronklik gebeur het. Wat is dit waarna Jesus hier verwys?

### ***Genesis 19:1-13;***

'En die twee engele het in die aand in Sodom aangekom, terwyl Lot in die poort van Sodom sit; en toe Lot hulle sien, het hy opgestaan om hulle tegemoet te gaan en hom gebuig met die aangesig na die aarde toe en gesê: Kyk tog, my here, draai tog uit na die huis van u dienaar en bly die nag oor en was u voete; dan kan u vroeg opstaan en u reis voortsit. Maar hulle antwoord: Nee, ons sal op die plein vernag.

Maar hy het baie by hulle aangehou, sodat hulle na hom uitgedraai en in sy huis gekom het. En hy het vir hulle 'n maaltyd berei en ongesuurde koeke gebak, en hulle het geëet. Hulle het nog nie gaan slaap nie toe die manne van die stad, die manne van Sodom, die huis omsingel: jonk en oud, die hele bevolking, almal saam. En hulle het na Lot geroep en aan hom gesê: Waar is die manne wat vannag na jou gekom het? Bring hulle na ons toe uit, dat ons hulle kan beken.

Daarop gaan Lot na hulle toe uit voor die ingang en sluit die deur agter hom toe en sê: My broers, moet tog nie kwaad doen nie.

Kyk tog, ek het twee dogters wat geen man beken het nie; laat ek dié na julle uitbring, en doen met hulle soos dit goed is in julle oë. Net aan hierdie manne moet julle niks doen nie, want daarom het hulle onder die skaduwee van my dak ingekom. Toe antwoord hulle: Gee pad daar! En hulle sê: Hierdie een het

gekom om hier as vreemdeling te vertoef en wil tog gedurig die baas speel. Nou sal ons jou meer kwaad doen as aan hulle. En hulle het sterk op die man, op Lot, aangedring en nader gekom om die deur oop te breek.

Maar die manne het hulle hand uitgesteek en Lot by hulle in die huis gebring en die deur toegesluit.

Toe slaan hulle die manne wat by die ingang van die huis was, klein en groot, met blindheid, sodat hulle tevergeefs na die ingang gesoek het. Daarop sê die manne vir Lot: Wie het jy hier nog? 'n Skoonseun en jou seuns en jou dogters en almal wat jy het in die stad—bring hulle uit die plek uit; want ons gaan hierdie plek verwoes, omdat die geroep oor hulle groot is voor die aangesig van die HERE, en die HERE het ons gestuur om dit te verwoes.

Die naam van hierdie stad Sodom, word die verwysing na 'sodomie', wat 'n perverse seksuele daad beskryf. Die woord homoseksualiteit is vandag die beskrywing van wat hier gebeur het.

Om homoseksueel te wees is 'n ou ding.

In een opsig is die lewenswyse van mense in die tyd van Noag nie veel anders as in die tyd van Lot nie. Die homoseksuele gees wat daar geheers het is egter kenmerkend van die tyd van Lot.

Wat kenmerkend van hierdie tyd was is dat daar openlike seksuele perversie geheers het. Dit was gladnie geheim gehou nie – inteendeel, dit was openlik en aggressief. Daar word in die openbaar gesoek na slagoffers en hulle was bereid om geweld te gebruik.

Nog 'n kenmerk was dat almal, jonk en oud, deelgeneem het hieraan. Hulle optrede het alle standarde van etiese gedrag oorheers.

Om te dink dat hulle van die man verwag het om sy gaste uit te lewer aan hulle, is sosiaal totaal onaanvaarbaar.

## **Hoe het hierdie gemeenskap gelyk?**

1. Daar was 'n kultuur waar die gemeenskap hulle oorgegee het aan onnatuurlike seksuele perversie - veral die mans. Ons lees nie hier dat daar vrouens betrokke by was nie.
2. Die perversie was aggressief en gewelddadig.
3. Beide die jonges as die oues was betrokke.
4. Dit het alle sosiale standaarde ignoreer.

Waar ons nou staan wêreldwyd, verskil die standaarde nie regtig nie.

Die openlikheid en die getalle van die betrokkenes het die afgelope tien jaar met meer as twaalf keer verdubbel.

Dis tog interessant dat die sonde wat God aan Sodom toeskryf, nie homoseksualiteit is nie!

Ons lees in Esegïel 16 waar die stede van Jerusalem en Sodom met mekaar vergelyk word.

### ***Esegïel 16:49;***

'Kyk, dít was die ongeregtigheid van jou suster Sodom: In trotsheid, oorfloed van brood en sorgelose rus het sy en haar dogters (dit is die stede om haar) geleef, maar sy het die hand van die arme en behoeftige nie versterk nie'.

Hier is nie 'n woord van die homoseksuele nie.

Wat was die sonde?

Selfsugtigheid, trotsheid, ongeregtigheid en gemaksugtigheid!  
Hierdie is die tipe lewenswyse wat altyd iets soos homoseksualiteit kan aanvaar.

Die sonde van vandag is presies nes die sonde van daardie tyd. Daarom sien jy onder die homoseksueles ook: selfsugtigheid, trotsheid, ongeregtigheid en gemaksugtigheid, en nie een is bereid om sy hand uit te steek na die armes toe nie – hulle is te besig met hulle self.

Ons moet dankbaar wees dat hier en daar 'n uitsondering is!

Wat sê Jesus eintlik oor al hierdie aktiwiteite wat geheers het in die dae van Noag en Lot?

Hulle het **geëet** en **gedrink**, hulle **het getrou** en **is in die huwelik** gegee...

Hulle het geëet en gedrink, **gekoop** en **verkoop**, hulle het **geplant** en **gebou**.

Jesus noem hier agt spesifieke aksies waarmee hulle besig was in Noag se tyd en in Lot s'n.

As jy nou hierna kyk dan is daar niks daarmee verkeerd nie. Wat was dan die probleem?

Die probleem was dat hulle so besig was daarmee dat hulle nie besef het in watter tye hulle lewe nie. Wat is die een woord wat hierdie agt dinge saamvat? **MATERIALISME**.

Hulle was so vasgevang met materiële dinge dat hulle gladnie gefokus het op geestelike dinge of op die dinge van die hiernamaals nie.

Daar is net ongelukkig te veel Christene wat in hulle harte net so vasgevang is deur materiële dinge as die ongelowiges! Jesus waarsku hier spesifiek dat as hulle so vasgevang word, hulle nie gereed gaan wees vir Sy wederkoms nie. Dan val ons maar net in dieselfde kategorie as die mense in die tye van Noag en Lot.

Wat is die positiewe kant?

Die Bybel sê: 'En Noag het saam met God gewandel'. Daar sal altyd tog mense wees wat in tye soos hierdie, met God sal wandel.

Vir ons as gelowiges is Noag 'n voorbeeld. Hy en sy familie was die enigste oorlewendes.

### ***Hebrieërs 11:7;***

'Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is'.

Noag, as dienskneg van die Here het 'n bonatuurlike waarskuwing ontvang oor dinge wat gaan gebeur. Dit het hom gered.

Net soos die negatiewe van die lering, is daar altyd ook die positiewe. Baie erge dinge gaan nog in die wêreld gebeur – katastrofies!

Maar ek glo dat God definitief vir Sy getroue knegte waarskuwings gaan gee en maniere om te oorwin.

Dis waarom Jesus soveel klem gelê het op die werking van die Heilige Gees.

### ***Johannes 16:13;***

'Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek **en die toekomstige dinge aan julle verkondig**'.

Dis so belangrik dat ons as kinders van God hierdie sal raaksien.

Die Heilige Gees gaan ons vertel wat nog gaan gebeur. Ek glo nie Hy gaan alles vertel nie, maar genoeg vir ons om mee te oorwin.

Die Heilige Gees het dit vir Noag gedoen.

Wat het Lot ontvang? Engele om hom te lei en in die tye van beproewing, deur te neem.



Geesvervulde gelowiges kan net die goedheid en guns van God in hierdie tye verwag.

## **DIE KEUSE TUSSEN LIG EN DUISTERNIS**

Ons het die afgelope tyd gekyk na die prent wat die Bybel ons gee oor die laaste tydperk van die huidige bedeling. Hoe ons gaan optree in hierdie tyd is nou belangrik.

Daar is net twee keuses wat oorbly: Aan die een kant donkerte en duisternis en aan die anderkant, lig en helderheid.

Die restourasie wat nou aan die einde van die tye moet gebeur word mooi verduidelik in ***Jesaja 60:1-5***;

Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlijkheid van die HERE gaan oor jou op.

Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor j<sup>o</sup>u sal die HERE opgaan, en sy heerlijkheid sal oor jou gesien word.

En nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang.

Slaan jou oë rondom op en kyk—hulle almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe; jou seuns kom van ver, en jou dogters word op die heup gedra.

Dan sal jy dit sien en straal van vreugde, en jou hart sal ontroer en verruim word; want die rykdom van die see gaan na jou toe oor, die skatte van die nasies kom na jou toe aan.

## **Hierin is vier hoofte'ma's:**

**Eerstens:** Lig én duisternis neem toe in intensiteit in hierdie tyd.

**Vers 2:** 'Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke'.

Dis baie belangrik om te let dat duisternis verseker oor al die volke gaan kom.

Maar in dit alles kyk na die volgende: 'Maar oor j'ou sal die HERE opgaan, en sy heerlikheid sal oor jou gesien word'.

Wat is die boodskap vir God se volk?

**Vers 1:** 'Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op'

**Tweedens:** Hier sien ons die hergroepering en die restourasie of opbou van God se kinders.

**Vers 4:** 'Slaan jou oë rondom op en kyk—hulle almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe; jou seuns kom van ver, en jou dogters word op die heup gedra'.

Dit is wat ons moet verwag gaan nou gebeur. Soos wat God se heerlikheid terugkeer kerk toe, so kom Sy kinders in.

**Derdens:** Ons gaan sien dat die heidene van die nasies na God se kinders gaan draai vir hulp en raad.

**Vers 3** 'En nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang'.

Dit is nog altyd die idee dat God se kinders deel van die oplossing moet wees en nie deel van die probleem nie. Oor jare het ongelukkig die teenoorgestelde gebeur: Ons was so lank deel van die probleem.

Die kerk het mense weggedryf deur tradisie en dwaling.

Nasies van die wêreld en hulle heersers gaan nie antwoorde hê vir al hulle probleme nie.

Net soos Faraó, die koning van Egipte na God se diensknege Josef gedraai het vir 'n oplossing, so sal die wêreld na ons toe kom.

Omdat God se heerlikheid oor ons sal skyn en ons vol van Sy wysheid gaan wees sal ons die oplossings vir hulle probleme kan gee.

**Vierdens:** Hier sien ons dat die finansies van die nasies na die kinders van God toe kom.

**Vers 5:** 'Dan sal jy dit sien en straal van vreugde, en jou hart sal ontroer en verruim word; want die rykdom van die see gaan na jou toe oor, die skatte van die nasies kom na jou toe aan'.

Ons het hierdie oorfloed en finansies nodig om die opdragte wat God ons gee, te finansier.

Soos wat hierdie tyd verloop, gaan daar 'n groot invloed van finansies wees van plekke af wat jy nie eers verwag nie.

Die ander saak wat saam met hierdie een loop kry ons aan die einde van die Bybel. Hier sien ons 'n baie definitiewe verdeling tussen die regverdige en die onregverdige. Om neutraal te staan óf in die middel, gaan nie meer 'n opsie wees nie.

Jesús gee aan Johannes hierdie woorde:

**Openbaring 22:10-12;**

En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby.

Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.

Ons sien op twee plekke die woorde: 'Want die tyd is naby' en 'Kyk, Ek kom gou'. Tussen hierdie woorde is die uitdaging: Kies nou na watter kant toe jy wil beweeg, anders is dit te laat.

Omdat druk gaan toeneem in hierdie tyd, gaan die keuses so belangrik wees. Daar gaan net twee strome wees.

Soos wat hierdie strome net sterker gaan vloei, gaan dit later amper onmoontlik wees om uit die stroom waarin ek is, uit te kom.

As ek in die stroom van regverdigheid is, sal ek deur die krag van hierdie stroom net soveel beleef, dat ek net daar gaan bly. Maar, as ek eers in die stroom van wederstrewigheid en rebellie beweeg, sal die stroom ook so versnel dat uitkom baie moeilik gaan wees.

## **Hoe gaan ons op al hierdie dinge respondeer?**

Daar is drie maniere waarop ons moet reageer op die druk wat gaan volg.

### **Eerstens: Optimisme.**

Om deurgaans positief te bly is die eerste opdrag.

Jesus Christus reageer op hierdie dinge in **Lukas 21:28**;

'En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is'.

Jesus sê nie hier om bevrees te wees nie of om na 'n wegkruipplek te gaan soek nie. Sy houding is: Kyk op, dinge gaan vir julle beter word!

Die oomblik dat ons vir die wêreld kan wys dat ons nie bang of desperaat is nie, gaan hulle besef ons het iets wat hulle nie het nie.

## **Tweedens: Totale oorgawe.**

Hier verwag God totale oorgawe van ons kant af.  
Ons moet niks terughou nie en onself totaal aan Hom gee.

Die vraag wat elkeen van ons moet vra is:  
Het ek myself al ooit ten volle aan God gegee sonder  
voorwaardes?  
Het ek myself al ooit ten volle aan Hom beskikbaar gestel?

Aan die einde gaan daar 'n magtige weermag wees van jong  
mense.  
Hulle sal totaal aan God gewy wees. Hulle sal vervul wees met  
die Heilige Gees, vry van ambisies en eie gewin en die  
begeerlikhede van die wêreld.  
Jong mense, dis julle tyd om op te staan!  
Julle gaan aan die wenkant wees.  
Aan hulle wat aan die duiwel se kant is wil ek sê:  
Julle geld is op 'n verloorder. Verander so vinnig as moontlik  
en maak die regte keuses.  
Kies nou die een wat nooit die oorlog kan verloor nie.

## **Derdens: Kom in pas met God se doel vir jou lewe.**

**1 Johannes 2:17;** 'En die wêreld gaan verby en sy  
begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir  
ewig'.  
Dis tog dwaasheid om jouself te gee vir 'n koninkryk wat die  
oorlog gaan verloor.

**Hebreërs 9:28;** ' So sal Christus ook, nadat Hy een maal  
geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die  
tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag  
tot saligheid'.

Hoor wat sê Jesus hoe moet die kerk lyk?

### **Mattheus 16:18;**

'En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie'.

Die 'poorte van die doderyk' of die 'poorte van die hel' verteenwoordig hier elke onsienlike krag van boosheid – Satan en sy koninkryk. Jesus sê eintlik:

'Ek gaan My kerk so bou dat geen boosheid of bose mag ooit dit sal regkry om dit omver te gooi of dit te oorwin!'

Dit is die onveranderlike belofte van God.

## **DIE KOMENDE HERLEWING**

Ons lewe tans in die opwindenste tyd ooit!

God is besig om gereed te maak vir 'n geweldige herlewing – en dus moet ons ook gereed wees.

As dit nie jy is nie – wie moet God dan gebruik?

As dit nie nou is nie – wanneer gaan dit dan wees?

Die tyd het aangebreek dat ons begin beweeg in die bonatuurlike.

Die tydperk waarin ons gaan is nie net nog 'n herlewing nie – dis nie net 'n nuwe ontwaking nie – nee, dit gaan 'n **rewolusie** wees.

God gaan sy getroue volgelinge gebruik om nou as Sy profete, leraars, herders, evangeliste en apostels op te tree.

Een van die belangrikste dinge wat eers moet gebeur gaan met mense gebeur wat God alreeds ken.

Vir te lank het die kinders van God te 'n klein rol gespeel in die voorbereiding van die bruid van Christus.

Keer op keer was daar 'n deurbraak in die kerk. Keer op keer het die Satan dit teengestaan en sake deurmekaar gekrap, en keer op keer was die kerk maar net bereid om terug te staan. Algaande het ons al meer en meer grondgebied afgestaan.

In elke land het die kerk verloor en het koninkryke geval en is dit deur Satan opge-eis.

Dis hoekom Satan, toe hy vir Jesus Christus versoek het in die woestyn, aan Hom gesê het: 'Aanbid my net, en ek gee al hierdie koninkryke aan jou'. Watter koninkryke?

Dié wat hy alreeds gesteel het.

Al hierdie tyd het die kerk net met mekaar baklei en mekaar teengestaan en verdeeltheid gebring.

Die tyd het gekom dat ons sal sê: Genoeg is genoeg!

Ons gaan dit wat verloor is oor eeue, weer saam terugwen!

Die Heilige Gees moet ons bystaan en ons moet petisie vir die verlede by God.

In die Naam van Jesus Christus moet ons Satan aanvat en vir hom sê: 'Satan, elke ding wat jy verwoes het in my volk, wat jy doodgemaak het en wat jy gesteel het, dwing ons jou in Jesus se Naam om dit terug te gee'

Roep dit uit en weet ons het die outoriteit in Sy Naam om dit van Satan te verwag.

Die tyd het gekom om strategiese opleiding aan die kerk te gee. Daar is net te veel mense in die kerk wat nie spesifiek weet wat hulle bediening is nie, en nie weet waar hulle werklik inpas nie.

Ons lewe in die tydperk van die kerk van Laodisense, waar flouheid en koudheid die kenmerke is.

Tenspyte van dit alles is God besig om 'n weermag op te rig wat in bonatuurlike krag gaan beweeg. Een belangrike ding wat ons moet weet is dat alle nasies en tale in ons land hier saam moet opstaan. Dit is verseker nie net 'n blanke of 'n swart ding nie.

### **Die vereistes daarvoor:**

- \* Hulle wat die ware en onbesoedelde geloof behou.
- \* Mense wat dit kon regkry om hulleself te stroop van eie-gewin.
- \* Hulle wat hulleself afgesonder het van dit wat die lewe bied.
- \* Dié wat dit reggekry het om die aanslae van die duiwel te weerstaan en hulle eie vlees te kruisig.

In die begin toe kerk begin het, moes die apostels hulleself in geheel opgeoffer het daarvoor – en dit sal weer presies dieselfde opoffering verg van ons om nou op die einde, die taak te voltooi.

Hulle word genoem 'Die weermag van God' en hulle gaan optree met die wysheid van God. Nie na-apers van ander mense nie.

Al gaan daar 'n paar baie belangrike manne val, sal hulle die koninkryk inbring.

Baie van hulle gaan dit saam doen, sodat niemand ooit die krediet daarvoor sal kry nie – maar net God alleen.

Met die eindtydse beweging moet julle besef gaan ons nie terugkyk met jaloesie na hoe die kerk begin het in die boek van Handeling nie. Ons gaan nie afgunstig wees oor die dinge wat hulle kon doen nie - ons sal Sy heerlijkheid belewe, en sê: 'Hy het voorwaar die beste wyn vir laaste gelos'

Ons land gaan nie dieselfde pad as Zimbabwe loop nie.

God gee aan ons die belofte dat Suid-Afrika net vir Hom te belangrik is daarvoor.

Die kruis van Jesus Christus is oor ons land – en niemand en niks sal daardie kruis beweeg of vernietig nie.

Daar gaan tekens en wonderwerke in ons land wees, profetiese woorde, genesings in die liggaam en in die emosies, en as gevolg van hierdie magtige tekens, sal swart Suid-Afrika na God toe draai. God het net sy getroue dienaars nou nodig.

## **DIE GENESINGS-RESTOURASIE HERLEWING:**

Totale genesing sal gebeur.

Hoe ?

1. Ons glo dat die wonders van die eerste kerk groot was, maar dit is niks op wat nog kom nie.



## **Haggai 2:9**

'Die toekomstige heerlijkheid van hierdie huis sal groter wees as die vroeëre, sê die Here van die leerskare; en op hierdie plek sal Ek vrede gee'

Ons gaan voorwaar met 'n groter "bang" hier uit as waarmee ons ingekom het.

2. Omdat siekte en ellende alles begin met foute wat ons gemaak het en sonde in ons lewens, gaan daar 'n baie groot klem kom op die boodskap van belydenis.

Soos wat die belydenis en herstel gaan vloei deur die kerk, so sal ons die genesings sien gebeur. Soos wat mense hulle sonde begin bely en regmaak met God, sal 'n magtige genesings-herlewing en restourasie begin. In hierdie tyd sal genesing spontaan wees, sonder die oplê van hande.

3. God gaan wegdoen met die geloof dat slegs voltydse of net uitgesoektes iets kan of mag doen.

Nee, Hy gaan die hele liggaam van Christus hiervoor gebruik.

Dit was nog altyd God se plan dat elke gelowige betrokke moet raak met bediening en met die oes inbring.

Daarom: **Johannes 14:12**

'Wie in my glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit'

4. Ons weet dat die koninkryk van God is nie net in woorde nie, maar in krag.

Daar gaan 'n kragtige beweging onder kinders en jong mense wees.

Dis nie meer ongewoon dat kinders van 13 / 14 jaar in krag loop en mense bevry en siekes genees nie.

Wat is Jesus se belofte ?

**Matheus 19:14**; Maar Jesus sê: 'Laat die kinders staan en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk en die outoriteit van die hemele'.

In hierdie tyd sal daar mans en vrouens wees wat vandag nog op pad is werk toe en more sal God hulle inroep in Sy bediening.

## **Dan die groot vraag:**

### **Is die Bloed van Jesus Christus genoeg?**

Almal van ons sal in die toekoms, as ons begin bedien, gekonfronteer word met ons verlede.

Wat ons aangevang het en wat in ons vroëere lewe gebeur het. Dit het verseker ook al met my gebeur.

Die groot aanklaer sal verseker nie nou ophou nie, maar ons voortdurend by God aankla.

**Antwoord:** Geen aanklag van die vyand om Christus se krag in ons lewe te kanselleer, kan staan teen die bloed van Jesus nie.

Die Duiwel het reggekry om soveel mense en kerke vandag in 'n skuldgevoel en in veroordeling en skande, vas te draai.

Sy plan is om ons in 'n tronk van jammerte vas te hou.

Soos wat hy jou aanval sê hy voortdurend vir jou:

Jy is vir ewig skuldig, dink aan jou verlede, jou sonde sal altyd voor jou bly.

Maar die bloed van Jesus het ons met vergewing van ons sonde, vrygespreek en gereinig. So staan daarop! Sy bloed is genoeg. Dis ons grootste wapen in geestelike oorlogvoering.

Daar is 'n mandaat aan elke nasie, volk en taal gegee.

So 'n mandaat is aan my gegee vir die Afrikaner en in Afrikaans.

Dis ons voorreg om in ons moedertaal onderrig te word.

## **Wat is nou belangrik ?:**

### **God kom na elkeen van ons en sê:**

\* Mens, Ek wil jou my salwing en my teenwoordigheid gee.

\* Mens, Ek wil jou gebruik.

\* Maar Ek wil hê dat jy my moet liefhê.

\* Ek wil hê dat jy my moet ken.

- \* Ek wil hê dat jy voortdurend moet sit in my teenwoordigheid.
- \* Ek wil hê dat jy my meer moet soek, as net my gawes of my krag.
- \* Ek is meer geïnteresseerd wat Ek in jou kan doen, as wat ek deur jou kan doen.

**As Hy jou kan oorig om te beweeg in die krag wat Hy vir jou bestem het, weet Hy wat om jou gaan gebeur.**